# Kampvuur Kekkel

hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



## Aanlyn burgerskap

Van 19–23 Oktober 2026 word *Digital Citizenship* Week internasionaal beklemtoon - en dit raak ons as Voortrekkers direk.

Ons leer ons jeug Burgerskap: om verantwoordelik op te tree, krities te dink en goeie keuses te maak. Vandag gebeur ’n groot deel van daardie burgerskap ook aanlyn.

In ’n wêreld van KI-gegenereerde foto’s, video’s en tekste raak dit al moeiliker om te onderskei tussen waar en vals, feit en mening, mensgemaak en KI-gegenereer. Digitale burgerskap gaan daarom oor veel meer as skermtyd en internetveiligheid. Dit gaan oor die vermoë om te vra: Wie het dit geskep? Waarom? Kan ek dit vertrou? En behoort ek dit verder te deel?

Dit bied ’n uitstekende geleentheid vir ’n spanbyeenkoms: wys ’n paar aanlyn voorbeelde en laat die kinders self besluit wat hulle vertrou – en waarom.

*Common Sense Education* bied gratis aktiwiteite en lesse vir verskillende ouderdomsgroepe vir *Digital Citizenship* Week.

## Erfenis wat leef

Op 24 September het die Voortrekkermonument behoorlik geleef toe Erfenisdag én Die Voortrekkers se 95ste feesjaar gevier is.

Altesaam 37 kommando’s was verteenwoordig en 250 Voortrekkers het hul name aangeteken om hul feeskenteken te verdien. Agter die skerms het 146 mense deur die dag by die twee stalletjies hand bygesit – diensbaarheid in aksie!

Maar die dag was oor veel meer as syfers. Dit was egter ook ’n dag van kuier, musiek, stalletjies, lekker eet, nuwe ontmoetings en ou vriendskappe – ’n herinnering dat erfenis nie net bewaar word nie, maar geleef en aangegee word.

Ons jaartema, “Voortrekkers as ligdraers in die wêreld”, het oral sigbaar geword: in elkeen wat voorgevat, gehelp en deelgeneem het.

Dankie aan elkeen wat saam ons erfenis laat leef het!










Oktober 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Kampvuur Kekkel

Oktober

## Kanonkettingskoot verenig SA op Erfenisdag

Die klank van 31 kanonne het op Erfenisdag, 24 September 2026, regoor Suid-Afrika weerklink tydens die historiese Kanonkettingskoot, ’n nasionale erfenisprojek van die *Cannon Association of South Africa*.

Die Voortrekkers Oos-Kaap het by die *Bathurst Agricultural Museum* deelgeneem, waar die kanonskoot om 12:45 afgevuur is. Die *South African Battle Re-enactment (SABRE)*-groep het ’n Napoleontiese voorlaaikanon gebruik, met die Oos-Kaap Voortrekkers as kanonbemanning.

Basil Mills het vooraf ’n demonstrasie oor historiese wapens en ammunisie aangebied. Daarna kon jeuglede ook hul hand aan pioniersaktiwiteite soos hamergooi, spiesgooi en jukskei waag. Só word geskiedenis nie net geleer nie, maar ervaar, gedoen en beleef.



SOLIDARITEIT

# #LeerMy Leierskap

**Leierskap hoef nie in ’n boksie te pas nie.**

**Ontdek #LeerMyLeierskap op Solidariteit-aanlyn**

Solidariteit bied ’n gratis leierskapsprogram vir Verkenners aan, om jong leiers se leierskapsvaardighede te ontwikkel en hulle toe te rus vir die toekoms.

## Nuut vir Oktober

Luister gerus na 'n nuwe begeleidingsbaan en ‘n nuwe lied.

- Heerlik is die trekkerlewe
- 95 Jaar se sporelied

Klik hier

Oktober het ‘n paar kodes en geheime opgesluit. Kyk of jy dit kan ontsyfer. Klik op die prent.




## Het jy geweet?

Om die formele drag se netjiese voorkoms en kwaliteit te behou, word dit aanbeveel dat dit verkieslik met die hand gewas word. Spoel die kledingstuk liggies in lou water met ’n klein hoeveelheid waspoeier, en spoel daarna deeglik met skoon water uit. Hang dit terwyl dit nog nat is aan ’n hanger en laat dit natuurlik droog word - op dié manier behoort strykwerk nie nodig te wees nie. Die gebruik van wasmasjiene, tuimeldroërs en strykysters word nie aanbeveel nie, aangesien dit die materiaal en die netjiese voorkoms van die formele drag kan benadeel.



## Luister saam na ZS95VTS tydens CQ Hou Koers

Vier saam 95 jaar van Die Voortrekkers op 17 Oktober tydens CQ Hou Koers, ons spesiale amateurradiodag wat van 09:00–12:00 plaasvind.

📻 10:00: Hoofleier se boodskap – 7.095 MHz

📡 10:15: SSTV-uitsending van die 95-jaar-logo – 7.180 MHz

Algemene frekwensies vir die dag: 7.063–7.100 / 7.130–7.200 MHz. Laai vooraf die Robot36-toepassing af en dekodeer die logo op jou selfoon. Deel jou ontvangde beeld op Facebook!

Roepsein: ZS95VTS

Kontak gerus ‘n plaaslike radio-amateur of radioklub vir hulp. Enigeen wat die roepsein wil gebruik, kan Gerhard ZS6CRS by zs6crs@gmail.com kontak.

## Aanlyn spesialisasies en kursusse

Alle aanlyn Verkennerspesialisasies en offisierekursusse kan tot 31 Oktober 2026 gedoen word. Die Intreekursus sal 30 November 2026 sluit en 10 Januarie 2027 weer beskikbaar wees. Die ander kursusse en spesialisasies sal 1 Februarie 2027 weer beskikbaar wees. Alle geregistreerde lede op die platform sal in 2027 weer moet registreer. Laai dus alle sertifikate van voltooide kursusse en spesialisasies af en stoor dit.

## GOM 2026: Gee om. Maak ’n verskil.

Ons is deel van gemeenskappe – en juis daar kan elke Voortrekker ’n verskil maak.

Met GOM (Gee Om) word spanne, kommando’s en gebiede uitgenooi om vanjaar weer ’n behoefte raak te sien en iets daaraan te doen.

Dit hoef nie groot te wees nie. Maak ’n park skoon, samel kos in, ondersteun ’n sopkombuis, besoek bejaardes of bring tyd deur met kinders. Waar daar ’n behoefte is, kan ons help.

In ons 95ste bestaansjaar herinner GOM ons daaraan dat omgee nie net ’n woord is nie – dit word sigbaar deur wat ons doen. Klein dade van diens en deernis kan ’n groot verskil in iemand se lewe en in ’n gemeenskap maak.

Deel ’n kort beskrywing van julle GOM-inisiatief, saam met foto’s, teen 30 November 2026 by bemarking@voortrekkers.co.za.

## Voriemôl kry nuwe naambord?




Ons nuwe beligting en naamborde by die Voriemôl en Die Voortrekkers se hoofkantoor lyk besonders! Kom loer in en ervaar die nuwe karakter.

Ontdek ook oulike nuwe produkte soos sjokolade-slab”-plantblokke, 2027-dagboeke, slaapsakke, speletjies en nog meer - koop by ons eie winkel en ondersteun Die Voortrekkers.